HUWELIKSEREMONIE

 [Huweliksmusiek speel vir ses minute—Red.]

2 Vir wie sal ek vra, vir hierdie vrou om die bruid van hierdie man te wees? [Die bruid se pa sê: "Ek, haar pa."—Red.]

3 Geliefdes, ons is hier vergader ten aanskoue van hierdie vergadering, in die Teenwoordigheid van God, om hierdie man en hierdie vrou in die heilige eg te verbind, wat eerbaar is, soos verklaar deur Paulus, onder alle mense. Daarom moet enigiemand nie ondeurdag of ligtelik daarin ingaan nie, maar eerbiediglik, diskreet, welbedag, verstandig, en in die vrees van God.

4 In hierdie heilige staat kom hierdie twee persone teenwoordig nou om verenig te word. Indien daar enigiemand hier is wat 'n regverdigdige bewys kan lewer waarom hulle nie in hierdie heilige huwelik verenig mag word nie, laat hulle nou spreek, of vir altyd swyg.

5 Ek sal vereis en julle altwee verplig, aangesien julle sekerlik sal antwoord op die Oordeelsdag wanneer die verborgenhede van alle harte geopenbaar sal word, dat as enigeen van julle weet van enige beletsel waarom julle nie wettiglik verbind mag word in hierdie heilige huwelik nie, julle dit nou bely, want julle kan seker wees dat enige persone wat op enige ander wyse verbind word as wat God se Woord toelaat, hulle huwelik nie wettig is nie.

6 Maar in die geloof dat julle hierdie ernstige verpligting deeglik oorweeg het wat julle gereed maak om te aanvaar, dat julle bereid is om ook so daarin te gaan, eerbiediglik, diskreet, wyslik, en in die vrees van God, sal ek die huweliksverbond aan julle aanbied; julle sal dieselfde verklaar soos julle mekaar se regterhand neem. [Die bruidegom en bruid neem mekaar se regterhand—Red.]

7 Sal jy hierdie vrou neem om jou wettige getroude vrou te wees, om saam te leef in hierdie heilige staat van die huwelik, sal jy belowe om lief te hê, te eer en te koester in siekte en gesondheid, rykdom of armoede, en alle ander sal versaak en jy net vir haar sal aankleef solank as wat julle albei sal leef? [Die bruidegom sê: "Ek sal."—Red.]

8 Sal jy hierdie man neem om jou wettige getroude man te wees, om saam te leef in hierdie heilige huwelik, sal jy belowe om lief te hê, te eer, te koester in siekte en gesondheid, rykdom of armoede, en alle ander sal versaak en jy net vir hom sal aankleef solank as wat julle albei leef? [Die bruid sê: "Ek sal."—Red.]

9 Ek sal 'n teken vereis van julle dat hierdie verbond wat tussen julle gemaak word altyd gehou sal word. [Die ringe word op Broer Branham se Bybel geplaas, die bruidegom sit dan die ring aan die bruid se vinger, dan sit die bruid die ander ring aan die bruidegom se vinger—Red.] Nou sal julle mekaar se regterhande neem op die Woord van God.

Kom ons buig ons hoofde.

10 Almagtige God, Wat die eerste man en vrou in die tuin van Eden getrou het, om U eie skepping te verenig, ons besef wel, vandag, dat hierdie opdrag deur die eeue uitgevoer is tot by hierdie einste troue. En, Vader, U is die Enigste Een Wat harte met mekaar kan verbind. En ons bid, Dierbare Vader, aangesien dit gedoen is deur U wyse raadsplan, dat U hierdie jong, Christenseun en Christenmeisie bymekaar gebring het om te verenig in hierdie heilige seremonie vandag, om mekaar se man en vrou te wees deur die lewenswandel, ons bid dat u hulle sal seën, hulle huis sal seën. Maak hulle 'n voorbeeld, Here, in die woonbuurt waar hulle hulle sal vestig.

11 In hierdie dag waarin ons lewe, wanneer die egskeidingshowe so vol en oorlaai is met egskeidings, mag dit nooit so wees met hierdie jong man en hierdie jong vrou nie. God, gee dat hulle gelukkig, gesond sal wees. Maak hulle vrugbaar wees, Here, en vermeerder, om die aarde te vul, soos U ons beveel het om te doen in die begin. En soos U vir Isak en Rebekka geseën het, en hulle hulle getroue kinders voortgebring het, mag dit so wees met hierdie paartjie, ook, Vader. Seën hulle, bid ons.

12 En nou, by magte van my opdrag deur Almagtige God vir my gegee, om Sy dienskneg te wees, en aan my gegee deur 'n Engel, verklaar ek hierdie man en hierdie vrou: man en vrou, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

13 God seën julle. Julle is getroud. [Die paartjie soen, draai dan na die gehoor. Die pianiste begin die *Troumars* speel—Red.]

14 Wat ook al God verbind, laat geen mens skei nie. [Die bruidegom, die bruid, en die helpers gaan uit—Red.]

Kom ons buig ons hoofde.

15 Dierbare God, soos ons gesien het vandag, dat, twee harte nog steeds soos een kan klop, en ons so pas hierdie seremonie gedoen het, en 'n jong man en 'n jong vrou uit hulle huise uitgestuur het om 'n huis van hulle eie te gaan maak, word ons herinner, O God, van 'n ander groot Optog wat daar eendag gaan wees, wanneer Jesus kom om Sy Bruid te ontvang. En soos ons die dametjie vlekkeloos sien staan het in haar trourok, O God, mag ons ons siele vlekkeloos hou van die dinge van die wêreld dat ons deur Hom liefgehê kan word, Wat ons Minnaar is, wanneer ons by daardie uur kom. Skenk dit, Here. En ons bid dat U seën met elkeen van ons sal wees, en mag ons lewe vir daardie tyd

wanneer ons sal deelneem aan die groot Geleentheid wat hierdie sinboliseer. In Jesus' Naam, bid ons. Amen.

16 Here seën julle.

[Broer Branham maak die volgende opmerkings na die seremonie—Red.]

17 Suster Simpson, ek wil jou gelukwens met 'n gawe skoonseun, lyk na 'n wonderlike man.

En jy, ook, Broer Simpson. Die Here seën julle.

18 Is die seun se ma hier, of pa, een? ['n Broer, sê: "Nee. Hulle kon nie kom nie."—Red.] O, goed. Ek neem aan die ander kinders staan in gelukwensing, sien, soos ons broes daarbuite.

19 Wel, lyk asof ons net moet voortgaan en kerk hê. Nie waar nie? Almal—almal vergader, en hierdie sou 'n goeie tyd wees om te preek, nie waar nie, na hulle getroud is.

20 Wel, ek moet nou net na Phoenix toe begin gaan, en teruggaan soontoe en bietjie daarvan begin doen. Die dienste gaan voort by die Westward Ho danssaal môre-middag. Tot dan, die Here seën julle almal.

21 Broer Dauch, dis baie goed om om jou weer te sien, goed om jou hier te sien. Waar is suster? Sy hierbinne? [Broer Dauch sê: "Hier reg oorkant."—Red.] O, dis goed. O, ja, kyk net reguig na jou. Hoe gaan dit? [Suster Dauch sê: "Goed."—Red.] O, goed.

65-0116x Huwelikseremonie
Privaat Huis
Tucson, Arizona V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org